Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 4 #17 31 Mei 2015

09:30 Oggenddiens

Ds Willem Steyn

Tema: Die belofte van rus vir dié wat glo

Sing: Ps 126-1:1 Sing: Ps 33-1:2 Sing: Ps 105-1:3
Sing: Ps 23-2: 1, 2 (Kinderbegeleiding)
Wetlesing: Titus 3:1-8
Sing: Sb 8-1:1, 2
Skriflesing: Hebreërs 3: 7-11, 4:1-13 **Teks:** Hebreërs 4:11
(Preekbegeleiding)
Doop
Sing: Lied 188:1,3 Sing: Ps 105-1:5 Sing: Sb 18-7:1,3,11,12
Amen: Sb 13-1

11:30 International Service

Rev Willem Steyn

Theme: Not a religious system, but a life rooted, built up and strengthened by Jesus

Scripture reading: Col 2:6-23 **Focus verses:** Col 2:6, 23

18:00 Aanddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Vriendskap wat seermaak

Loftrysing

Lied 207:1-3
Lied 530: 1-3
Lied 470: 1,2,4

Sing: Ps. 95-1:1 en 95-2:3
Sing: Lied 387:1,2,4
Skriflesing: Spreuke 27:1-17
Teks: Spreuke 27:5,6
Sing: Ps.119-1:22-23
Amen: Sb.13-3

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge: Orton Becker & Nico Botha	Diaken: Martha van der Walt

Liefdegawes by die deure

31 Mei
Oggend: Transoranje Instituut
Aand: Meelewingsfonds
7 Junie
Oggend: Susterskas
Aand: Meelewingsfonds
14 Junie
Oggend: Klassis Sustentasie
Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Transoranje Instituut vir buitengewone onderwys (TOIBO)

Die GKSA, saam met die NGK en die Hervormde kerk, het op 13 Maart 1947 saamgekom en 'n trust gestig met die oog daarop om hulp te verskaf aan onderwys aan buitengewone kinders.
Die VISIE is soos volg geformuleer: "Behoeftegedrewe Christelike barmhartigheidsdiens vir kinders met spesiale onderwysbehoeftes".
Hierdie samewerking bestaan vandag nog en ons kerke word op die Instituut verteenwoordig deur elke Streeksinode wat iemand afvaardig. Fondse word onder andere deur middel van kollektes ingesamel. Die fondse word dan gebruik om die onderstaande vyf skole te help om hierdie uitsonderlike werk uit te voer.
Vanoggend se deurkollekte is bestem vir die Instituut.
Die volgende skole word deur die Instituut ondersteun:

- Transvalia-skool vir Epileptici
- Sonitusskool vir Gehoorgestremdes
- Prinshofskool vir Gesiggestremdes
- Transoranje-skool vir Dowes
- Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes

Vir die susters

By alle gemeentes is daar sekere verantwoordelikhede en verpligtinge wat deur die susters in gemeenteverband hanteer word. Dit is byvoorbeeld vanjaar ons gemeente se beurt om die gesamentlike afsluiting van al die susters van Potchefstroom in Okt/Nov aan te bied.
Die werk van die susters behels ook onder andere die hantering van begrafnisse, aanbied van gemeentefunksies, asook donasies aan hulpbehoewende instansies.
Aangesien meeste susters deesdae in voltydse beroepe staan, het die meer tradisionele vorm van fondsinsameling deur die susters (bv. gebakverkopings, of spyseneering) afgeneem. Dus het die susterskas nie meer 'n deurlopende inkomste nie.
Ons het oor die saak besin en het besluit om die susters van ons gemeente te nader vir 'n jaarlikse vrywillige bydrae.
Daar sal by die deure duidelik gemerkte koeverte (SUSTERS-BYDRAE) beskikbaar wees vir hierdie doel. Koeverte met susters-bydraes kan in die kollektesakkies geplaas word. Die diakens sal dit aan ons tesouriere (Drienie Reinecke) oorhandig.
U betrokkenheid by die susters se aktiwiteite en u bydrae word opreg waardeer. Voorstelle en terugvoer aan die bestuur word verwelkom.
Baie dankie,
Sustersbestuur

Reseptеboek

Ons wil graag 'n resepteboek vanuit ons eie gemeente bekendstel. Deel met ons jou gunsteling resep asook die storie agter dit. Enige resep is welkom!
E-pos dit na mercia.venter72@gmail.com en eunicestoltz@gmail.com of gee vir ons 'n kopie by die kerk. Vir meer inligting kontak Mercia Venter: 083-468-2075 of Eunice Stoltz: 083-595-8981

Verjaarsdae

Vandag, 31 Mei

Chané Schoeman	5	071-686-0194
Veronique vd Westhuizen	20	072-404-5824
Leentjie van Jaarsveld		082-509-8040

Maandag, 1 Junie

Ben de Klerk		072-183-1083
Heidrie Greyling		071-488-9571
Riane Macedo	6	073-494-8150

Dinsdag, 2 Junie

Jaco Greyling		082-497-6295

Woensdag, 3 Junie

Wiida Bisschoff		082-776-5295
Heleen Coetzee		083-625-1970
Paul Krüger	7	018-290-5110

Donderdag, 4 Junie

Willemijn de Kock		076-653-8297
Adri Strijdom		082-224-9855

Vrydag, 5 Junie

Nic Smith		071-117-3588

Saterdag, 6 Junie

Willie Coetzee		082-826-3310
Hannes van der Walt		072-494-9676

Teeskinkbeurte

31 Mei
Wyk 8 (Alta Verster - 0824470476)
KG 8 (Ans Geertsema - 0731928976)

7 Junie
Wyk 9 (Carin Kloppers - 0727410672)
KG 9 (Elsa Els - 0824600939)

14 Junie
Wyk 10 (Cora de Beer - 0823928060)
KG 10 (Petro Steyn - 0765784855)

Baie dankie!

Onthou asb om nie die urn, koppies, ens. te bêre na die Oggenddiens nie. Die lidmate van die Internasionale diens gebruik dit ook.

Wegneemetes Vrydagaand 5 Junie

Die susters beplan wegneem Kerrie en Rys aandetes @R25 vir Vrydagaand 5 Junie. Indien u 'n bestelling wil plaas, skryf asb u naam op die lys in die portaal. Bestellings kan afgehaal word by die saal se kombuis tussen 17:30 en 18:00. Bestellys ook beskikbaar in die G5 koffiekamer tydens die studiesentrum.

Meelewing

Ons het vanoggend weer die voorreg om te beleef hoe drie kinders gedoop word. Baie geluk aan **Thinus** en **Eldorette Havenga** (082-567-1294) met die doop van hulle dogtertjie, **Elmené**. Baie geluk ook aan **Kobus** en **Charlene Schoeman** (071-686-0194) met die doop van hulle dogtertjies, **Chané** en **Elri**. Vandag is ook klein Chané se verjaarsdag!
Christine Smit (084-582-0882) is terug by die huis na 'n geslaagde knievervanging. Ons bid vir verdere herstel.

Ek wil namens ons kleingroep dankie sê vir jul bydrae tot die kombersprojek, ek kan getuig dat dit na behoeftige mense gegaan het... Daar is iets groter in gee sonder om terug te verwag. Dankie vir jul onbaatsugtige gee. *Rudi vd Merwe*

Welkom hier!

Zander & Marina Jean van't Zand
072-506-8332 / 072-596-3107

Wil jy ook by ons gemeente inskakel? Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

Diensgroepe van die diakens

Sopkombuis...begin jou week reg!

Elke Maandagoggend word daar bredie en brood aan behoeftiges in die omgewing vanuit ons eie kerksaal gegee. Poen Coetzee bedien ook die Woord voordat die kos uitgedeel word. Hierdie omgee-projek betrek nie net ons eie gemeente nie, maar ook mense van ander kerke en plekke.
Hoe word ek deel?? Bel Elsa Els 082 460 0939 of onthou:
8:00-10:00 ELKE Maandagoggend, kom bedien die Woord en kos aan minder bevooregtes of skenk 'n bredie/sop. Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak, kan dit sommer in die kollektesakkies gegooi word (merk asseblief duidelik).

Hou die Lantern dop vir meer inligting oor elkeen van die Diakonie se diensgroepe!

Bediening aan gevangenes

Dankie vir elkeen wat bereid is om betrokke te wees by hierdie bediening – daar is nog geleentheid om betrokke te raak. Ons is nog besig om toegang te verkry by Korrektiewe Dienste, maar die proses behoort eersdaags afgehandel te wees. Inskrywingsvorms kan by Fransa ingedien word – Willem en Fanie sal help met die skryf van die pastorale aanbevelingsbriewe.

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Ben de Klerk

Ben de Klerk word as die Here wil Maandag 70 jaar oud. Hy was vir baie jare lank predikant van die Noord-gemeente en in daardie opsig, maar ook omdat hulle betrokke lidmate van die gemeente is, wil ons graag vir hom van harte geluk sê met sy verjaarsdag. Ons sê dankie vir jare se getroue dienswerk en aktiewe deelwees van ons gemeente. Ons is saam met hom en Marie dankbaar vir die Here se getrouheid in hulle lewe oor baie jare. Mag die komende jaar vol van die Here se seëninge wees.

Kuierkombuis

Ons eerste besinningsessie oor die Kuierkombuis en ons betrokkenheid by Aardklop het goed afgeloop. Die belangrikste is sekerlik dat ons nuut nadink oor die doel van ons betrokkenheid met die Kuierkombuis. Eintlik pas die projek in al drie die kringe van roeping as gemeente in. OP die Bult kom mense van OOR die Bult vir 'n week op ons voorstoep (In die Bult) verby.
Vanuit dié perspektief wil ons nuut dink oor die fondse wat ons genereer deur die uithuur van die geboue, maar ook oor die aard en karakter van die Kuierkombuis. Die klem van die Kuierkombuis moet dalk verskuif van 'n fondsinsamelingsaksies na 'n gemeente– en gemeenskapsprojek.
Ons dink DV Woensdag om 17:30 by Fanie en Judie se huis verder oor die praktiese uitwerking hiervan. Almal is welkom.

Sterkte vir die eksamen!

"Wanneer ons misluk, moet ons onthou dat ons deur genade gered is, maar ons moet dit soveel meer onthou wanneer ons sukses behaal." – Tim Keller

Die getuienis van waarmee die Here IN en OP en OOR die Bult besig is lê nie in die uitdeel van traktaatjies of pamflette of koffie nie – die getuienis kom van die Heilige Gees deur elkeen van ons. G5 wil daarom graag weer die hele gemeente uitnooi om deel te wees van hierdie eksamen se Studiesentrum. Kom studeer of werk self hier, kom lees jou koerant, ontmoet mekaar hier vir 'n koffie – kom wees net teenwoordig. Die skietlyste is in die westelike portaal, in die koffiekamer of by Fransa in die kerkkantoor.

Groepleiers en kosspan by die Nooitgedacht Skolieskamp

As jy 'n groepleier of kosspan wil wees op die skoolverlaterskamp van 3-10 Julie kan jy jou naam by Willem Steyn opgee.

Verskeidenheid kanselklede

Die kerkraad het dit goedgedink om d.m.v. verskillende kanselklede 'n groter bewustheid van die Christelike jaarkalender in ons gemeente teweeg te bring.

Ons het vier kanselklede, waarvan drie fokus op die volgende hooftemas: Advent (Kersfees), Paasfees en Pinkster. In die tye tussen dié drie kalendertydperke word 'n kanselkleed gebruik wat deur Nardus Conradie ontwerp en deur Paul Schutte gemaak is.

Die kleed beeld 'n gebroke kruis uit wat dui op Christus wat die vloek van die kruishout verbreek het. Die doringkroon wat Hy ter wille van ons gedra het, word voorgestel deur vier rooi dorings. Die lig wat Jesus bring verbreek die duisternis en die Woord word uitgedra deur Sy bloed sodat die Evangelie die uitspansel oorspoel tot by alle uithoeke van die wêreld.

Daar word beoog om die kanselklede in die portaal onder die toring uit te stal. By die kanselklede sal daar ook 'n beskrywing van die simboliek van elke kleed wees. Die klede sal dan om die beurt voor die preekstoel gehang word na gelang van die tydperk van die Christelike kalender waarin ons verkeer.

Huwelikverryking

Daar word 'n huwelikverrykingsprogram by GK Oos aangebied oor die volgende drie Saterdae (6, 13, 20 Junie). Elke sessie sal van 09:00 - 12:30 duur. Sake wat onder andere bespreek gaan word: Rolle in die huwelik; Ses 'soorte' intimiteit, Probleemoplossing; Kommunikasiestyle; Versterkingsgedrag.

Prof Chris Venter – professor in Sielkunde aan die NWU met spesialiteit : huweliksverhoudinge

Koste: R20 per paartjie per sessie (sluit verversings in)

Plek: Kerksaal van Geref Kerk Potch-Oos

Kontak: Ds Piet Venter by 082 779 1237

Op die Internet

Het jy geweet dat jy die Pinkstertyd-preke op ons webblad kan aflaai? Prof Ferdi Kruger se Bult 103 dataprojeksie "Die Persoon en werk van die Heilige Gees" kan ook daar afgelaai word. www.gkpotchbult.co.za

---

Kry die Afrikaanse Bybel op jou selfoon: http://m.bibles.co.za of YouVersion App.

Prof Koos Vorster se nuwe boek oor sekularisasie "Christelike etiek in 'n sekulariserende samelewing" kan gratis hier afgelaai word: http://www.dx.doi.org/10.4102/aosis.ceiss.2014.01

Wonder wat jy laas week met die Pinksterete misgeloop het? Gaan kyk bietjie na die foto's op ons Facebook bladsy!

Die Kerkraad vergader moreaand om 19:00 in die Stoepvertrek van die kerksaal.

advertensies

DIE HONDESALON ... op– en aflaai
LEA 072-713-0745

Goeie en betroubare verwer - vir enige verfwerk. Abraham, 072 324 4944
(Vir verwysing, kontak Lusilda Schutte by Lusilda.Schutte@nwu.ac.za)

In die hartjie van Mooivallei
Oopplan tuinwoonstel met stoep en badkamer. Onderdakparkering. Nuwe pad, 1.4 km van Patria-hek. Jong getroudes, Nagraadse of werkende studente. Afgetreede, pensioenaris. Christa Truter: 079-026-1049

www.youtube.com /user/gkpotchbult

www.facebook.com
../gkpotchbult
../gkpotchbultG5
../VenterskroonBediening
../GKBultProjekte
../BultInternationalChurch

@gkpotchBult
#potchG5
#gkbult

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skriba: Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
Koster (Molen): Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Internasionale diens: Ray Everson: 018-290-6782
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kinderbegeleiding: Marida van Eeden: 060-977-1124
Preekbegeleiding: Henriëtte vd Zwan: 082-859-2229
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Klank: Stefan Linde: 072-811-1665
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843
Preekopnames: Kerkkantoor: 018-297-4843

Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Omgee-groep Seniors: Ans Geertsema: 073-192-8976
Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Kosbank: Kerkkantoor: 018-297-4843
Susters: Judie Coetzee: 082-619-4620
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Eiendomskommissie: Faan van Wyk: 082-551-7782
Liturgiese Werkgroep: Lou van Wyk: 084-520-1086
Finansiële kommissie: Carools Reinecke: 082-568-5652
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG